

*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*In die O.B. is nie ryk of arm Afrikaners nie.*

# Die O.B.





*In die O.B. is net goeie Afrikaners*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 7 JANUARIE 1942. No. 9.

## Grootraad het nie Dr. Malan se Voorstel Verwerp nie

### Samesprekings tussen Liggame moes nog gevolg het op Briefwisseling

**Die O.B. het deur die verklaring van die Grootraad, nie soos in Die Burger van 30 Desember beweer word, die beginsel van 'n konsoliderende komitee verwerp nie en dus ook nie die beginsel vervat in dr. Malan se voorstel vir 'n nasionale komitee nie. Die Grootraad het van sy kant sekere voorstelle gedoen in dieselfde rigting en ter aanvulling van dié van dr. Malan om sodoende by eventuele samespreking tussen die Party en die Ossewabrandwag alle moontlike moeilikhede wat in die toekoms mag opduik, skadeloos te maak en 'n blywende ooreenkoms te verseker.**

Sodanige samesprekings wat die geleentheid sal bied om met mekaar te beraadslaag, het tot hiertoe nog nie plaasgevind nie en daarom kan die antwoord van die Grootraad seer seker nie deur enigeen wat werklik met 'n gees van toenadering besiel is, vertolk word as 'n verwerping van die voorstel vir die vorming van 'n nasionale komitee nie. **Inteendeel, van die kant van die Grootraad word juis voorstelle gedoen oor die wyse van samestelling van so 'n komitee.**

Wat wel blyk uit die voorstel van dr. Malan en dié van die Grootraad is dat daar verskil van mening bestaan oor die **samestelling.**

Dr. Malan se voorstel erken nie direkte en dus verantwoordelike verteenwoordiging van die volksorganisasies wat mag toetree nie, terwyl die Grootraad in sy voorstel ,,gelykmatige verteenwoordiging'' verlang. **Met ander woorde, daar is verskil van mening tussen die Grootraad enersyds en die Partyleier andersyds oor verteenwoordiging in die komitee. .En dit is seker nie onredelik van die kant van die O.B. nie om waar hy gesamentlike verantwoordelikheid vir enige en alle optrede in die krisisuur moet aanvaar onder die Nasionale Komitee, hy sodanig verteenwoordig moet wees in die Komitee dat hy medeseggenskap in sowel die samestelling van die Komitee as in die besluite van die Nasionale Komitee moet hê.**

#### MOET NOG BESPREEK WORD

Dit, naamlik mede-verantwoordelikheid vir die uitvoering van die besluite wat die Nasionale Komitee mag neem, is van soveel belang in die gesamentlike stryd van hierdie twee volksorganisasies vir die ideaal wat albei nastreef, dat die Grootraad hom geroepe gevoel het om dit in sy aanvullende voorstel te beklemtoon as 'n punt wat by geleentheid van 'n eventuele ontmoeting van Party-verteenwoordigers en O.B.-verteenwoordigers openhartig bespreek moet word.

**Dieselfde geld vir ander sake wat deur die Grootraad genoem is in sy verklaring en wat tog nie duidelik en, miskien om begryplike redes, nie in die openbare briefwisseling helder genoeg gestel is nie.**

**Deur van sy kant ook voorstelle te doen wat samewerking betref, verwerp die Grootraad nie, soos dr. Malan in sy antwoord beweer, pogings tot samewerking deur die reg voor te behou dat ieder op sy eie wyse en onder sy eie leiding die gemeenskaplike doel nastrewe nie. Inteendeel, hy gee juis middels aan die hand wat gesamentlik oorweeg kan word om eenstemmige optrede en rigting te bepaal.**

Daarom dan verlang die Grootraad erkenning as dié republikeinse beweging wat naas die Party en in samewerking met hom 'n antikapitalistiese republiek nastrewe, **soos die O.B. van sy kant die H.N.P. of V. nog steeds erken het as dié Party wat op Party-politieke gebied leiding vir die nasionaalvoelende Afrikanerdom moet gee.**

Die Grootraad het deur te verklaar dat hy nie steun kan verleen aan enige anti-Duitse propaganda wat onder die voorwendsel van antinasionaal-sosialistiese optrede gevoer word nie, sy standpunt beklemtoon as 'n positiewe Afrikaans-nasionale beweging in direkte teenstelling met die teenswoordige demokratiese staatstelsel hier in Suid-Afrika wat op vreemde lees geskoei is.

**Die O.B. soek geen vreemde staatstelsel nie maar ook geen stryd teen enige staatstelsel hoegenaamd buite Suid-Afrika nie, wel teen dié waaronder die Afrikanervolk gebuk gaan.** Terselfdertyd is dit nodig dat die voorgestelde Nasionale Komitee of 'n liggaam soortgelyks, nie mag skroom om baie duidelik sy nasionale en sosiale lewensbeskouing, gegrond op sy geskiedkundige verlede en aangepas by moderne omstandighede, te omskryf nie.

#### ALTERNATIEWE VOORSTEL

As 'n bewys van die begeerte vir samewerking het die Grootraad selfs verder gegaan. **Hy het verklaar dat as daar nie eenstemmigheid ten opsigte van die samestelling van die Nasionale Komitee bereik kan word nie (deurdat die Party mag weier om o.a. die reg van verteenwoordiging van die O.B. op die Komitee te erken) ,,samewerking verkry en gehandhaaf word deur noue kontak tussen die verskillende besture soos verteenwoordig deur hul leiers wat mekaar in alle sake rakende die volksbelang en -strewe sal raadpleeg, en dat geeneen enige belangrike aksie rakende die hele volk en sy toekoms sal onderneem sonder voorafgaande onderlinge raadpleging en oorleg nie.''**

Op al bogenoemde wenke as 'n poging om 'n stryd, nie deur die O.B. aangeknoop nie, maar deur die Partyleiers, te beëindig, word nou deur dr. Malan geantwoord dat die oplossing wat hy aangebied het verval en hy nie verder wil onderhandel nie. **Dit word verklaar voordat die verwagte onderlinge samesprekings eers plaasgevind het — samesprekings wat ongetwyfeld vrugbaar kon gewees het, as dr. Malan van sy kant dieselfde mate van welwillende toenadering betoon het.**


Daar was geen verbrokkeling of stryd hoegenaamd nie, ook nie in die Eenheidskomitee nie. Die stryd en verbrokkeling het ingetree toe 'n ultimatum aan die O.B. gerig is en 'n beroep op die volk gedoen is om die stryd teen die O.B. ,,beslissend en kort van duur te maak.''

**Die volk het daardie strydlustige leiding beslissend afgekeur omdat dit verbrokkeling beteken, verbrokkeling van die Party sowel as die O.B.**

Net so sal hy die hervatting van die stryd onder die banier van 'n Nasionale Komitee, saamgestel hoofsaaklik uit persone wat die broederstryd aangekondig en aangehits het en nou wil voortsit, gaan afkeur. 'n Nasionale komitee wat teen 'n bevriende volksorganisasie veg en nie teen die volk se gemeenskaplike vyand nie, kan nie met die leiding van 'n selfrespekterende volk toevertrou word nie.

Waarde vir geld

Kommando



-sigarette

# Wat 'n Hollander Gedink Het van die Boere

## „WAS GEBORE WETGEWERS"

In die boekie Gesprekke met dr. W. J. Leyds deur Kees van Hoek verskyn 'n paar interessante opmerkings wat dr. Leyds oor die Boere en pres. Kruger gemaak het. Dr. Leyds was 'n hoog ontwikkelde man wat vir sy tyd as modern beskryf kan word en daarby was hy 'n persoon wat in die hoogste kringe van verskeie lande beweeg het in sy hoedanigheid as gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek. Sy oordeel van die Boere is dus nog al van betekenis.

In antwoord op 'n vraag of daar nie baie oortollige besprekings plaasgevind het in die Transvaalse Volksraad nie, het hy geantwoord: „In 'n sekere sin, ja, maar 'n mens sal dit nooit anders kry in Suid-Afrika nie. Hulle het tog so graag na hul eie stemme geluister. Maar hoewel 'n mens gely het onder daardie spraaksaamheid, kon 'n mens darem nie help om hulle te bewonder nie. **Hulle was gebore wetgewers en het al hul kragte aan die taak gewy. Tussen die Volksraadsittings gaan hulle in die distrikte rond waar hulle aan hul kiesafdelings die wette verduidelik.**

### WAARDIGHEID

„Die Raadslede was baie op hul waardigheid gesteld. Na al die afgelope jare waarin ek so baie parlemente bygewoon het, gee ek die ou Republiek se Raadslede die pluimpie van parlementêre decorum. Met hul imponerende baarde, altyd in swart gekleed met 'n wit das, en met 'n voorsitter wie se wil onbetwis was, het hulle geweet hoe om nie slegs orde nie, maar die waardigheid self te bewaar. Die Volksraad het in werklikheid na die senaat van die volk gelyk, en dit is 'n kompliment wat 'n mens nie aan baie verteenwoordigende vergaderings vandag kan maak nie."

Van pres. Kruger, met wie hy meer as vyftien jaar dag vir dag saamgewerk het, vertel hy:

„Wat my die meeste getref het, was sy waardigheid. **Dit was tipies van die Boere in daardie dae, hulle was besonder goed gemanierd. Niemand sal by voorbeeld daaraan dink om in 'n ander se huis in te stap met 'n pyp in die mond nie.**

„Paul Kruger se naam en faam het hy self gemaak. Sy persoonlike dapperheid in die veldtogte teen die kaffers het vir hom roem verwerf as die dapperste onder die dapperes. Mettertyd het hy bekend geraak vir sy gesonde advies in die krygsraad sowel as in die kerkraad en volksraad.

### DEEGLIKE KENNIS

„Dit word soms beweer dat hy ongeletterd was. Dit is natuurlik onsin. Hy het min gelees en geskryf omdat sy oë swak was. Die ooghare het na binne toe gegroei en die oë geïrriteer, sodat hy gereeld daarvoor behandel moes word. **Hy was natuurlik geen geleerde nie, maar hy het tog 'n deeglike kennis van baie sake gehad. Dit was sy gewoonte om met toe oë na wetsontwerpe en memoranda te sit en luister, terwyl dit vir hom voorgelees word, en jare later kon hy nog die kleinste besonderheid en verandering onthou, want sy geheue was verbasend.**

„**Hy was ook nie bekrompe van gees nie. Sy neiging was om liberaal te wees, 'n ontwikkelde man in die politiek sowel as in sake wat die godsdiens betref.** Ek self het nie my kinders laat doop nie — 'n uiters onchristelike daad in daardie dae. Maar hoewel die President dit diep betreur het, het dit hom nie minder vertroulik teenoor my gemaak nie, en het ek ook nie sy liefde daardeur verloor nie. Hy het selfs sy goedkeuring geheg aan arbeid op die Sondag. En dit beteken baie vir 'n man wat 'n Dopper was in sy privaat lewe, die streng Calvinis.

### EERLIKHEID

Hy kon so fyn wees soos 'n vroumens in klein attensies. Hoewel hy onskeidbaar was van sy pyp, het hy nooit gerook as ek by hom was nie omdat hy geweet het dat dit my keel aantas. Hoewel hy 'n sterk familieliewende man was, wou hy nie toelaat dat een van sy seuns in die staatsdiens moes gaan nie. Sy eerlikheid was soos die Bybel. Hy het eenmaal in die middel van die nag na my toe gekom om te erken dat hy my verongelyk het. **Hy het geweier om teen sy vyande enige informasie te gebruik wat hy van hulle geweet het uit die dae van sy vriendskap met hulle.**

Daar is mense wat 'n indruk maak met die gawe van 'n goeie hart; Ander weer met die talente van hul brein. Kruger het albei besit. **Bismarck het my self vertel dat hy 'n baie groot indruk op hom gemaak het.** Versiende soos hy was, het hy besef dat die grootste swakheid van sy landgenote hul verdeeldheid was. Hy het gedurig getrag om hulle daarvan te oortuig. Hoe goed onthou ek nog sy informele geselskap op die gasvrye stoep van sy huis waar hy enigeen ontvang het wat hom kom raadpleeg. Hy was altyd daarop uit om eensgesindheid te verkry oor die maatreëls wat hy wou tref, en waardeur hy soveel as moontlik van die bevolking wou raak. Maar hy was slim genoeg om nie te vinnig te gaan nie. Hy het altyd hom eers oortuig dat sy mense hom volg, en nooit by sy doel verby geskiet nie."

105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £90,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

**O.B. Musiekbundel**

bevat

22 STUKKE PRAGTIGE MARSMUSIEK

(meestal met woorde) en 'n portret van die

KOMMANDANT-GENERAAL.

Prys 6/- stuk.

*Verkrygbaar by*

DIE O.B.-HOOFKWARTIER,

Voortrekkergebou 403, Johannesburg.

**VIR AL U FEESTELIKHEDE in DIE NUWEJAAR is SCHOEMANNELO-DRANK**

*DIE BESTE EN SUIWERSTE.*

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

**SCHOEMANNELO-DRANK**

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes.) | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre Mark**

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

Beste Heersende Pryse.

*MINNAAR & VAN SCHOOR.*

Eienaar: Gustav Retief.

**O.B. Almanak vir 1942**

'n Pragstuk met afdruk van 'n skildery deur Coetzer op omslag, wat die O.B. in sy wese en strewe simboliseer. Belangrike datums uit ons geskiedenis sowel as die geboortedae van ons helde word aangedui.

Hierdie almanak is die eerste van 'n reeks en is hoofsaaklik aan ons volksgeskiedenis gewy. Dit sal dien as positiewe propaganda vir die doel en strewe van die Beweging, asook 'n leidraad vir aktiwiteite wat gedurende die jaar deur die organisasie, en veral deur die vroue Kommando's waargeneem kan word.

Geen O.B. lid behoort daarsonder te wees.

**PRYS 2/6 POSVRY.**

**24/- PER DOSYN.**

Bestel van

**O.B. HOOFKWARTIER,**

Voortrekkergebou 403,

JOHANNESBURG, Tvl.

# Hoe Kandidate Verkiesings Geveg het in Republieke

## Wou Geen Propaganda vir Hulself Maak Nie

**Hoe ons volk se eergevoel deur die vreemde Britse partystelsel ondermyn is, blyk uit 'n vergelyking tussen ons hedendaagse verkiesings met hul geweldige en skaamtelose propaganda-veldtogte deur die kandidate ten behoewe van hulself en die eergevoelige terughoudendheid van die Boere-kandidate in die dae van die Republieke.**

Dit is bekend hoe pres. Kruger in plaas van vir homself propaganda te maak, eerder sy volgelinge aangeraai het om hul stemme op sy teenstander uit te bring. So het hy by voorbeeld in 1888 in antwoord op die versoek om hom verkiesbaar te stel, en waarin hy hom die benoeming laat welgeval, die volgende verklaring gedoen:

„Ik heb zelf eene requisitie opgemaakt en onderteekend aan den H.Ed. Heer P. J. Joubert, onzen Kommandant-Generaal, en ik vertrouw, wanneer het my gelukt de meerderheid van stemmen op hem vereenigd te krygen en hy dus gekozen wordt als President, dat gy alsdan u zult onderwerpen en samen met my hem getrouw zult bystaan tot bloei en welvaart van ons land en volk."

En wanneer genl. Joubert deur Kruger verslaan is, tel hy nie die aantal stemme wat op hom uitgebring is om te bewys dat sy teenstander darem 'n morele nederlaag gely het nie, maar hy sê ruiterlik aan die volk dat dit duidelik geblyk het dat dit die wil van die Here is dat sy teenstander president moet wees, en hy verklaar hom bereidwillig om onder Kruger te dien.

### PRES. STEYN

Dieselfde eergevoeligheid tref ons by pres. Steyn aan waar dr. N. J. van der Merwe in sy boek oor die lewe van die President die volgende skryf:

„Volgens Artikel Twaalf van Hoofstuk XXVII van die Wetboek 1891, moes die kandidate vir die setel van President in antwoord op die rekwisisies wat van tyd tot tyd hulle aangebied word, hulle beskouinge omtrent die politieke kwessies van die dag in die Goewermentskoerant uiteensit.

„Dit was nie die gewoonte vir so 'n kandidaat om die land deur te reis en oral deur toesprake stemme te verwerf nie. Fraser was die eerste en enigste wat dit ooit in die Vrystaat gedoen het. Hierdie handelwyse het ook veel kritiek teen hom uitgelok.

„Meer as een ondersteuner van Steyn het egter onrustig begin word en het gevolglik die Regter aangeraai om ook maar van die ou gewoonte af te stap en die volk persoonlik oral sy politiek te verklaar. Steyn wou nie. Hy was selfs daarop teen om eleksie-agente aan te stel. Hy wou geen enkel pennie spandeer om hom in die setel te kry nie. Toe daar by hom aangedring was, het hy eenvoudig geantwoord: 'Die betrekking moet my soek: ek soek nie die betrekking nie'."

### Ledelyste Sluit Februarie

Die Grootraad van die Ossewabrandwag maak bekend dat die ledelyste finaal op 28 Februarie gesluit word, en elke lid wat nie sy ledegeld voor genoemde datum betaal het nie, sal geskrap word as lid van die Ossewabrandwag.


MERINO STOETERY
J. H. MOOLMAN.
MERINO — CRADOCK.

TELER VAN SUIWERGETEELDE WANGENELLA RAMME EN GOEIE PLAASRYPERDE.

PRYSE BILLIK!!

KNIP DIT UIT
W. J. DU PLESSIS (EDMS.) BPK.
POSBUS 108, SENEKAL.
VEEVOERDERS ONTVANG 1/6 RABAT VAN DIE MIELIE-BEHEERRAAD.

| | | |
|---|---|---|
| NO. 1 GEGRANULEERDE WIT MIELIEMEEL .. .. | 180 lbs. | 14/- per sak. |
| GEEL MEEL VIR VEEVOER (STRAIGHT RUN) .. .. | 180 lbs. | 11/6 per sak. |
| GEEL BREEKMIELIES .. .. .. .. .. .. .. .. | 180 lbs. | 12/6 per sak. |
| KOEIMEEL .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 150 lbs. | 7/6 per sak. |

Hierdie pryse is V.O.S. Senekal Stasie.
*Bankkoers moet by Tjeks gevoeg word.*

£1000 vir u Oë
Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.
DUWAS
*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*
'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.
Van alle Apteke, of direk van
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, Adderleystraat, Kaapstad. (Posbus 2760.)
Maitlandstraat 37A, Bloemfontein. (Posbus 765.)

SASBANK
Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

LENINGS verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.
LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.
Duisende maak gebruik van SASBANK fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK
is 'n kind van die Volk en dien die Volk.
*Raadpleeg Sasbank.*
PAARL:
Pêrel-Boedelgebou,
Hoofstraat 327, Posbus 266.
KAAPSTAD:
Parlementstraat 32, Posbus 2387.
WORCESTER:
Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*
Pro Ecclesia-Drukkery,
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.
*Die Laan, Stellenbosch.*

VOLKSKAS IS U EIE BANK!
ARBEID ADEL
*Fondse oorskry £1,500,000.*
Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA
Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig volgens die Koöperatiewe Wet.)

DIE GOEIE HOOP
(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.
Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814.
V I R
Hoofweg, Durbanville. Foon 60.
JOHN BROCKMAN EN KIE SE
Wingerdswawel — Meta — Glensel — Loodarseniek — Black Leaf 40" en 155" Snoeiskêre — Wingerdskêre, ens.

Langstraat 301
KRUIDENIERS-GROENTE en VRUGTE Handelaars
Afrikana Voorsieners
'N SUIWER AFRIKANER BESIGHEID
Foon 3-1393
KAAPSTAD

DAGBREEK KARTELS
word gedra deur
DEFTIGE DAMES
Skakel 2-5662
En Maak U Bestelling
DAGBREEK
Dames Hareversorging-Salon
Langmarkstraat 141 KAAPSTAD

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
alle moderne geriewe
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
Ons Ontmoet alle Treine.
Kloofstraat, Kaapstad.

DE KOCK se GARAGES
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tv'.
Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.
V.M.K. AANBEVEEL.

# Dr. Malan se Voorstel

Totnogtoe het ons ons weerhou van enige kritiek op dr. Malan se voorstel insake die stigting van 'n nasionale komitee. Ons wou van ons kant niks doen om die onderhandelings negatief te beïnvloed nie, en het daarom slegs die O.B. se standpunt in verband met die hele geskil positief probeer stel. Ná die antwoord van dr. Malan op die teenvoorstelle van die Grootraad en die kritiek wat verskeie maal in die pers daarop uitgebring is, is ons nou genoodsaak om dr. Malan se voorstel op sy meriete te behandel.

Aanvanklik het dr. Malan te midde van die hewigste aanvalle op die Ossewabrandwag 'n wenk aan die hand gedoen om die broederstryd te beëindig. Hy het gepraat van 'n nasionale komitee wat volmag moet ontvang en bo die party en die Ossewabrandwag moet staan. Nadat hy hierdie wenk reeds in meer besonderhede verduidelik het, het hy voortgegaan om die Ossewabrandwag van allerlei kwaaie bedoelings te beskuldig en wantroue teen die beweging en sy bestuur te saai. Deur bemiddeling van 'n paar persone het dr. Malan eindelik ingewillig om die leiers van die O.B. te spreek en sy wenk aan hulle te verduidelik. Op daardie tydstip het hy gelas dat die stryd teen die Ossewabrandwag gestaak moet word, klaarblyklik nie omdat hy dit as onnodig beskou het nie, maar bloot terwille van die onderhandelings. Indien hy griewe teen die O.B. en sy leiding gehad het, moes daardie besware nog bly bestaan het. Dit is duidelik, en moes vanselfsprekend ook vir die Grootraad duidelik gewees het. Dit was dus byna te goed om te kan glo dat dr. Malan op gelyke voet met die O.B. in die komitee sou saamwerk. **Alles het dus afgehang van hoe die komitee saamgestel word.** En dit is op hierdie punt veral wat die Grootraad meer duidelikheid wou hê, maar dit nie kon ontvang nie. Dr. Malan het slegs verklaar dat die komitee deur **een persoon** in raadpleging met die ander saamgestel sal word en dat die lede „direk aan die komitee self soos verteenwoordig in sy hoof" verantwoordelik sal wees. Dit berus op die kabinetsbeginsel, „**d.w.s. een persoon wat die verantwoordelikheid teenoor die land dra, benoem die lede van sy kabinet, wat op hul beurt weer verantwoordelik is aan hom.**"

Enige persoon sou kon verwag dat dr. Malan die komitee so sou saamstel — want hy is die „hoof" en die „een persoon" wat saamstel — **dat die Ossewabrandwag, teen wie hy so baie griewe het, geen stem van belang in daardie komitee sou hê nie.** Daarenteen sou die party „as die erkende staatkundige front sy bydrae tot die ledetal moet lewer" en vanselfsprekend op so 'n wyse dat hy die grootste seggenskap sou hê. Daarby kom dan dat die komitee volmag oor die O.B. en die party (d.w.s. oor homself) besit „**en met die aanvaarding van daardie magte en funksies deur die hoër liggaam verminder die magte en funksies van die desbetreffende bestuursliggame van die organisasies vanselfsprekend." Die Grootraad van die O.B. sou dus slegs 'n uitvoerende liggaam geword het, ondergeskik aan die Nasionale Komitee waarin die partyleier die alleenseggenskap het.**

**In werklikheid het dit dus neergekom op 'n onderwerping van die O.B. aan die party.** Die O.B. sou die aksiefront word van die party wie se konstitusie so gewysig of uitgebrei word, dat daar 'n nuwe bestuursliggaam sal bestaan — die Nasionale Komitee — waarbinne „met alle billikheid gehandel sal word teenoor die O.B. sowel as teenoor ander partikuliere belange." **Die O.B. se posisie binne die nuwe bestuursliggaam is net lydelik** (daar word met hom gehandel) terwyl die partyleier die lede benoem (en natuurlik ook kan ontslaan), die verantwoordelikheid dra en in agneem dat die party as die staatkundige front sy bydraé moet lewer.

**Die Ossewabrandwag sou sy organisasie en sy belange dus in die hande moes stel van juis daardie persoon wat alles in werking gestel het om hom te vernietig.** Watter sprake kon daar dan wees van enige vertroue? As die O.B. nou gewillig was om hom aan die partyleiding te onderwerp, dan sou hy 'n misdaad teenoor die volk gepleeg het deur dit vier maande gelede, toe die eis reguit deur dr. Malan gestel was, nie te gedoen het nie, want dan was al sy verset tevergeefs en kon hy toe maar opgehou het om te bestaan.

**Maar dieselfde besware wat hom toe verhinder het om sy selfstandigheid prys te gee, geld vandag nog.** 'n Volksbeweging, waarbinne mense is wat aan verskeie partye behoort of aan geen partye behoort of wil behoort nie, maar wat almal bereid is om die vryheid van hul volk te help verwesenlik op enige doeltreffende manier, kan hom nie gaan onderwerp aan een politieke party wie se ledetal en sy optrede deur sy konstitusie en program van beginsels beperk is nie. Dan sou dit nooit nodig gewees het om 'n Ossewabrandwag te stig nie, en kon die partyleier eenvoudig maar net 'n beroep op die volk gedoen het om almal by sy party te kom aansluit —soos hy trouens vir jare al vrugteloos gedoen het.

**Die O.B. glo egter dat twee organisasies wat eens is in hul doel en strewe geen volksverdeeldheid veroorsaak of onderstel nie, maar dat hulle mekaar aanvul en gevolglik vir die volk van groter waarde is.** Net so verkeerd as wat dit is

## *ONTPLOFFINGS EN DIE OSSEWABRANDWAG*

**Die volgende besluit is deur die Grootraad van die Ossewabrandwag op sy jongste vergadering aangeneem:**

**Die Grootraad van die Ossewabrandwag laak die aantygings van booswillige mense wat die Ossewabrandwag beskuldig van aanspreeklikheid vir ontploffings veroorsaak deur onverantwoordelike en ongedissiplineerde elemente of provokateurs; verder keur die Grootraad sekerlik alle onverantwoordelike sabotasie af wat slegs onskuldige slagoffers kan hê en geen nasionale saak dien nie. Die Grootraad voel dat 'n groot deel van verantwoordelikheid by die uittartende houding van anti-Afrikaner-elemente berus, maar dat dit tog geen verskoning vir ongedissiplineerde uitspattings is nie.**

om die hele liggaam oog of die hele liggaam voet te wil maak (waarteen die Bybel ook waarsku), net so dwaas sou dit wees om alle volksorganisasies dood te maak sodat net een organisasie vir die volk oorbly. **Hierdie soort ding kry 'n mens net by heidense despote soos Herodes en Dingaan wat almal laat doodmaak wat hulle as 'n moontlike mededinger om die troon beskou.** Omdat die party en die Ossewabrandwag egter nie na 'n „troon" strewe nie, maar na die vrymaking van ons volk, behoort hier geen dergelike uitskakeling van ander organisasies te wees nie, en behoort ons mekaar pragtig aan te vul soos die hand en die voet van dieselfde liggaam mekaar aanvul.

Indien die partyleiding egter nie aan so 'n veelheid van liggaamsdele glo nie, kan ons hulle net die vraag stel: **Is dit dan nie beter om terwille van die groot volksaak dit te waag met twee arms nie, as om albei arms te vernietig in jou poging om een arm af te kap nie? Is dit nie beter om eers te wag en te kyk of die party en die O.B. langs mekaar nie die vryheid kan verkry nie, as om albei te vernietig in 'n onderlinge stryd oor baasskap en die vryheid sodoende nooit te verkry nie?**

Ons vertrou dat die partyleiding verstandig genoeg is om dit in te sien, en die hand van samewerking sal vat wat in die Grootraad se alternatiewe voorstel uitgesteek word: dat die verlangde samewerking verkry word deur noue kontak tussen die leiers van die verskillende organisasies wat mekaar raadpleeg insake enige belangrike optrede.

# Die Vreemde Oue en Ons Eie Nuwe

## Wat Bedoel Word met Afrikanereenheid

,,Die volk van 'n land, die nasie, is 'n morele begrip — nie rekenkundig nie. Ons tel nie koppe nie maar harte. Die Afrikanervolk, in sy breë betekenis, is al die blankes wat net een land ken, net een land lief het — Suid-Afrika — afgesien van taal en herkoms is hulle die mans en vrouens wat net een trou ken: Suid-Afrika'', het ons Kommandant-generaal te Stellenbosch gesê op 24 Feb. l.l.

Hiervolgens vorm lede van die Afrikanervolk 'n **lewende organiese eenheid** wat saamgegroei en saamgebind is deur 'n gemeenskaplike vaderlands-, bloed-, taal-, kultuur- en tradisieband, met die geloof in 'n afsonderlike Goddelike bestemming in die volkery van nasies.

Veldmaarskalk Jan Smuts streef ook na eenheid van die volk, maar vir hom beteken volk nie 'n organiese eenheid met sy eie geloof, 'n eie taal, roepingsbesef, lewensbeskouing, kultuur, staatsordening, gewortel in 'n eie vaderland met sy heldeverlede nie. Die Afrikanerdom is volgens ons eie vasstelling 'n dergelike organisasie, volksgemeenskap, 'n organiese volkseenheid, en dit is nie waarna Smuts streef nie. Hy streef na 'n liberalistiese holistiese volkseenheid wat alle Afrikaners, Engelse, Jode, kleurlinge en naturelle omhels.

### DIE LIBERALISTIESE VOLKSBEGRIP

Die liberalistiese volksbegrip, waarteen die O.B. vandag stry, ontleen sy oorsprong in S.A. indirek aan die Franse Revolusie en direk aan die Britse gedagtegang en opvattinge wat ons volkslewe binnegedring het sedert die Britse besetting van die Kaap. Die liberalistiese Volksbegrip verwerp die idee van 'n lewende organiese en aanvaar die meganiese rekenkundige volksbegrip. Die ,,volk'' is in liberalistiese sin die totaal van alle enkelinge, afgesien van taal, ras, kultuur, ens., wat in 'n gebied woon en gesamentlik uit nuttigheids-oorweging 'n kontrak met mekaar sluit en 'n regstaat in die lewe roep vir hul eie beskerming.

Uit hierdie liberalistiese volksbegrip volg konsekwent dat geen verskil gemaak mag word tussen lede van verskillende kultuur- of raseenhede wat saam in dieselfde regstaat georden is nie. Die liberalistiese ,,volk'' van Suid-Afrika bestaan derhalwe uit Engelse, Jode, Afrikaners, kleurlinge en naturelle, sowel as fortuinsoekers van alle lande van die aardbol wat vir hul voet 'n rusplek in hierdie gasvrye land van ons gevind het. Die liberalistiese ,,eenheid'' beteken dus die eenheid of sameflansing van al hierdie elemente en die persone wat hulle nie hierby wil neerlê nie, is ,,rassehaters'', ,,landsverraaiers'', ,,disease carrying vermin'', ,,vyfde kolonners'' en ,,Nazis''.

### ONS EIE VOLKSBEGRIP

Hierdie uitheemse denkwyse het veels te lank 'n ereplek in ons midde gekry en waar die Ossewabrandwag die vreemde liberalisme verwerp, neem hy ook die suiwering van ons besmette denkwyse en lewensbeskouing ten taak.

Vir ons Kommandant-generaal, en dus vir die Ossewabrandwag, is die wese van 'n volk innerlik, nie uiterlik nie, is dit organies, nie meganies-liberalisties nie. Om ons opvatting positief te stel haal ons dr. P. J. Meyer in die September-uitgawe van Wapenskou aan:

,,As ons wil weet wie die Afrikanerdom is, moet ons, om te begin, teenoor die liberalistiese uitgangspunt van abstrakte enkelinge en 'n abstrakte som van enkelinge die organiese volksbegrip stel.

In die lewenswerklikheid tref ons nie abstrakte enkelinge aan nie, maar wel lede van 'n bepaalde gesin, stam, ras of volk, gebind aan mekaar deur dieselfde taal, lewenshouding, roepingsgevoel, wêreldbeeld, lewensvorme, afstamming en vaderland, bande wat in hul wordingsgeskiedenis altyd duideliker en kragtiger word totdat die ontbinding begin intree.

Die lede van hierdie mensgemeenskappe skep en ontwikkel die bande, wat hulle aan mekaar bind, uit dieselfde lewensdrang wat in elkeen werksaam is, om op hul beurt weer die stempel van daardie bande te dra. Sonder die stempel van daardie eenheidsbande kom geen enkeling in hierdie wêreld nie.

Die omvattendste organiese lewende eenheid van mense is die volk, met sy geloof, sy eie taal, roepingsbesef, lewensbeskouing, kultuur, staatsordening, en omgangsnorme, met sy eie persoonlikheid, en vaderland, en met sy eie tradisie en geskiedenis. In hierdie organiese volksgemeenskap het elke lid sy besondere onvervangbare waarde en plek. Die Afrikanerdom, dit is ons eerste vasstelling, is 'n dergelike organiese volksgemeenskap, 'n organiese volkseenheid.''

Vir die O.B. lê die wese van 'n volk veel dieper dan 'n meganiese groot totaal. As volksorganisasie is dit ons hoogste strewe om die hele Afrikanerdom te omvat. Wanneer ons praat van volkseenheid dan soek ons die eenheid van die hele Afrikanerdom soos hierbo deur dr. Meyer omskrywe. Afrikanereenheid is naas ons strewe vir die republiek ons hoogste ideaal.

Ons Kommandant-generaal het onlangs op Cyrildene gesê: ,,Daar word gepraat van eenheid tussen Afrikaans- en Engelssprekendes. Dit is 'n mooi ideaal, maar eers moet gesorg word vir eenheid van die Afrikanerdom. Ons gaan nie ons broers verjaag om maats te maak met ons neefs of stiefbroers nie.''

Waar die O.B. vandag ywerig besig is om die veronregte, verarmde en verjaagde brokstokke van die Afrikanerdom in een kamp saam te snoer, moet ons die omheining van die Afrikanerdom stewig span en opdrag gee aan die kommandante en ander offisiere om die regte persone sonder versuim binne te laat en die wolwe in Afrikanerklere uit te hou.

# ,,DIE KAPITALIS IS 'N VLOEK VIR DIE LAND''

## PRESIDENT STEYN OOR UITBUITING VAN VOLK

Die volgende aanhaling uit dr. N. J. van der Merwe se lewensbeskrywing van pres. M. T. Steyn gee 'n treffende beeld van die President se standpunt ten opsigte van die kapitalisme:

,,In die swaar tye wat ons beleef, word die stryd om bestaan elke dag heftiger en is dit moeiliker om in Suid-Afrika te leef. Want hier gaan die geveg tussen die kapitalis en die arbeider. Die eersgenoemde klou soos 'n bloedsuier vas aan die liggaam van l.g. en suig die lewensbloed uit sy are. Laat ons die oog vestig op die kapitalis. Hy is 'n vloek vir die land. As ons 'n blik werp op ons Suster-Republiek, wat sien ons? As die kapitalis sy sin nie kan kry nie, dan maak hy die myne toe. Deur dit te doen, neem hy die brood uit die mond van die werksman. Die groot Imperialis trap op die arbeider, onverskillig of hy boer of mynwerker of spoorwegarbeider is. Laat ons nog verder noordwaarts die oog slaan. Daar, onder die skyn van liefdadigheid, maak hy die arbeider tot sy slaaf. Hy besit die monopolie van die land. Kyk ons na die Suide, ook daar is hy — daar met dieselfde doel om skatte op te hoop. Hy het selfs witvoetjie gesoek en in die goeie boeke van die Afrikaner-Bond gekom, met hierdie enige doel, om sy geldsakke op te stapel. **Hy is nou ultra Imperialis, maar as hy sy sin nie kan kry nie, sal hy republikeins word en by ons wil uitkom.** Hierdie groot imperialis is die vader van rassehaat in die land. **Hy dryf handel met die nasionale gevoel van die volk — en dit om homself ryk en verryk te maak. Ons moet die kapitaliste beveg.** Dit is 'n stryd tussen die enkele burger en die kapitalis. Dit is 'n persoonlike stryd. As ons dit nie in tyd behoorlik beetpak nie, dan sal daar 'n end wees aan skone, veredelende arbeid. Slawerny sal die plek daarvan neem.''


# 'N NAAM—
# 'N DOEL—
# 'N BELOFTE—

SY NAAM: ,,SANLAM'' — die verkorte naam is al bewys van hoe hy by die publiek ingeburger en ingewortel het.

SY DOEL: Om 'n Assuransiemaatskappy te skep wat nie alleen die Afrikaner se eiendom sal wees nie, maar wat vir die Afrikaner ook 'n beskerming en 'n spaarmiddel sal wees en vir die Afrikanerseun- en dogter as 'n bron van opleiding sal dien.

SY BELOFTE — is bevat in sy leuse: ,,Uit die Volk gebore om die Volk te dien.'' Daardie belofte is ook sy waarborg.

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

# *Ons Republiek sal heeltemal Nuwe Skepping Wees en tog Oer-eie*

## *Ter Bereiking van Ons Doel Mag Geen Reggesinde Afrikaner Uitgesluit word*

**In die Desember-uitgawe van die tweemaandelikse tydskrif „Koers" skryf prof. L. J. du Plessis as volg oor die toekomstige Boerestaat:**

„Om daarop (die vryheid) voorbereid te wees, is verskillende stappe nodig, naamlik ten eerste die neerlegging van 'n Christelik-nasionale staatsideaal (dit is in hoofsaak reeds gedoen), ten tweede die vereniging van alle Afrikanerkragte op daardie grondslag (daaraan word nog gewerk) en ten derde die propagering van die ideaal in praktiese vorm. Die res kom later.

**Wat die tweede stap betref, skyn dit of die partyleiers gelukkig tot die insig gekom het dat hulle sonder die Ossewabrandwag nie die doel sal bereik nie.** Die stryd tussen die twee is dus gestaak en onderhandelinge word gevoer om tot 'n nuwe vorm van samewerking te kom. Daarom wil ek liewer nou nie op die saak verder ingaan nie, behalwe deur net daarop te wys **dat sukses alleen bereik kan word deur ALLE republikeinsgesinde Afrikaanse kragte saam te snoer op Christelik-nasionale grondslag, selfs dié wat nog nie volledig hierdie grondslag bely en verkondig nie, mits hul gesindheid reg is en hul algemene koers dié is van die pad van Suid-Afrika.** Immers as ons alleen 100-persenters sou toelaat, d.w.s. konsekwente republikeinse Calviniste, dan sou miskien net enkele Potchefstromers en verspreide geesverwante van hulle die Afrikanerdom moet verteenwoordig.

### IETS NUUTS

Ten opsigte van die derde stap ook enkele woorde. As ons die Afrikanerkragte saamgesnoer het en ons sou oorgaan tot eendragtige propaganda — wat broodnodig is en reeds te lank versuim is vanweë die ongelukkige verdeeldheid — **dan sal ons baie goed moet besef dat ons iets gaan propageer wat nuut en onbekend is, hoewel ons dit noem Christelike nasionalisme of republikanisme of Calvinisme, en dink dat ons daarmee van bekende dinge praat. Die feit is dat ons kerkmense nie weet hoe Calvinisme in die praktyk van die moderne volkslewe lyk nie, want hulle het dit nog nooit gesien nie; dat die partymense nie weet wat 'n Chirstelik-nasionale republiek is nie, want so iets was daar nog nie; dat die Ossewabrandwagmense hulle geen voorstelling kan maak van die nuwe orde van die toekoms nie, omdat hulle daarvan slegs vreemde modelle ken. Maar laasgenoemde besef ten minste dat daar iets nuuts moet kom, as hulle nou ook maar wel verstaan dat daardie nuwe sy wortels in die oue het.**

Die posisie is eenvoudig dit dat die konsolidering van die Afrikanerdom vanself al die grondslag sal lê van daardie ou-nuwe stelsel wat ons in die Eeufees aangevoel het **en wat veral die Ossewabrandwag verlangend nastreef,** want daarmee sal as eenheidsbodem van die toekomstige volkstaat reeds erken wees die Afrikaanse nasionaliteit in plaas van die gemengde bevolking se meerderheidswil of enige leierpersoonlikheid se geleentheidsgril. En dit is oud — want ons geskiedenis streef daarheen van die begin af; maar dit is ook nuut — want dit was nog nooit verwesenlik nie: ons Afrikaanse volkstaat bepaal deur volksaard en volkstradisie en volksbehoefte, bepaal deur Goddelike bestemming in die geskiedenis en deur die duidelike Woord van God in die praktyk. **Hierdie Calvinistiese republiek waaraan ons vorm moet gee in ons propaganda sal ons oereie wees, want dit spruit uit ons nasionaliteit, maar dit sal ook al ons behoeftes vervul, want dit sal waarlik volksdiens lewer as diens van God, en dit sal so fonkelnuut wees dat as ons geestesoog dit eers gesien het, ons alle trek sal verloor vir vreemde „ismes" of uitgedinkte ordes. Laat ons hieraan nou ons aandag begin gee."**

## „DIE O.B."

### BRANDWAG PLIGTE

Die Kommandant-generaal het „Die O.B." met die volgende woorde verwelkom:—

„ ‚Die O.B.', amptelike orgaan van die Ossewabrandwag, vervul 'n belangrike en tewens moeilike taak. Hoewel klein en beskeie is hy die mondstuk van die Afrikanerdom se grootste en lewenskragtigste beweging. Gebore in die oorlogsomstandighede, met allerlei beperkings en teenstand, moet die blaadjie 'n taak vervul wat die hele volk gaan dien."

In hierdie woorde lê die plig van „Die O.B." opgesluit, en ook die onverdeelde trou en plig wat elke brandwag aan „Die O.B." verskuldig is. Dit is die plig van elke brandwag om 'n intekenaar van „Die O.B." te wees. Maar die brandwag het ook nog 'n ander plig — die plig teenoor die adverteerder van „Die O.B."

In hierdie moeilike omstandighede is advertensie die polsslag van ons tydskrif. Om die reklamewaarde van „Die O.B." te sterk is dit elke brandwag se plig om net ons adverteerders te ondersteun, en „Die O.B." te noem wanneer u adverteerders ondersteun.

Adverteerders verwag resultate van die advertensies, en kan dit alleenlik verkry wanneer u „Die O.B." noem met u inkopies.

Ons is bly om reeds te kan meld dat verskeie adverteerders ons meegedeel het dat hulle van „Die O.B."-lesers goeie ondersteuning ontvang. Een van hulle moes reeds meer mense in diens neem om te help met die uitvoer van bestellings, en „Die O.B." was genoem in feitlik 70 pst. van die bestellings.

## „PASOP VIR DIE ENGELSE!"

In 'n persgesprek het dr. W. J. Leyds, voormalige staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek, eenmaal vertel van 'n onderhoud wat hy met die groot Duitse staatsman Bismarck gehad het.

Bismarck het hom teen die Engelse gewaarsku, maar dr. Leyds het teengewerp dat hy die Engelse ken.

„Nee, u ken hulle nie," het hy hom weerspreek. „U is nog ver te jonk om hulle te ken. Ek praat van ondervinding. Ek gee toe dat die Engelsman in die privaat lewe 'n ordentlike kêrel is, maar sodra hy 'n politikus word, laat hy sy gewete buitekant by sy reënjas hang."

### *Die Kommandant-Generaal het gister en eergister gesê en sê vandag nog:*

**„Ek sal van u as hoofoffisiere of u as offisiere of brandwagte offers vra en gehoorsaamheid en dissipline eis, maar ek sal u niks vra wat ek nie bereid is om ook self te doen nie."**

— 15 Januarie 1941, te Kroonstad.

**Die Voortrekker-Skoenhospitaal**
Waarborg Goeie Werk teen Billike Pryse.
*Die enigste suiwer Afrikaanse Besigheid van sy soort in Kaapstad*
*AFRIKANERS, ONDERSTEUN AFRIKANER BESIGHEDE!*
FOON 3-0164
*Langstraat 291, Kaapstad*

*Mede Afrikaners!*
Koop voortaan al u benodighede by
**„DIE VOLKSWINKEL"**
Eienaar: J. M. Calitz, Jnr.
Foon 3.
Posbus 37. Kirkwood, K.P.

**BRANDWAGTE ! !**
kom
Geniet U Versersings by die
**KARROO KAFEE**
**WILLOWMORE.**
Ondersteun 'n Mede-Brandwag.
Vinnige en Netjiese Bediening.

**AFRIKANERS LUISTER HIER:—**
Wil u ook op die skouers van die wêreld gedra en beny word deur die mense rondom u? Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie betrekking en 'n vet Salaris. Ons Kursus is goedkoop en doeltreffend; ons waarborg uitstekende resultate. Sewe uitgebreide Gesondheid- en Liggaamsboukursusse word absoluut gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van:
**UNIE-BOEKHOU-KOLLEGE, Posbus 32, ALEXANDRIA.**

*Geklassifiseerde Advertensies*

**KNEG BENODIG**
KNEG.—Ongetroude, blanke man vir wynplaas. Vry inwoning; moet vragmotor kan bestuur.—Goeie Salaris. Skrywe aan:
P. C. van Blommenstein,
La Concordia,
Suider-Paarl.

**GEBOORTE**
Aan alle belangstellendes en vriende wil ons, Heinie en Gesie Strassberger van Wupperthal, graag bekend maak, dat op die vooraand van Heilige Kersfees, aan ons 'n dierbare dogtertjie geskenk is. Ons loof God, en wil ons innige dank betuig aan dr. Piet Muller en Sister Hannie Rademeyer, wat, deur die hulp van God verantwoordelik was vir die welsyn van beide moeder en dogter.

*Uitgegee deur J. A. Smith, Groote Kerkgebou 916, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*